PSALMS (responsories)

Psalm 1 : Die Here lei die regverdige

Refrein = Teks: TT Cloete 2001. Melodie: *Qui au conseil des malins n'a esté* – Wolfgang Dachstein? / Mathias Greitter? / Straatsburg 1539; Genève 1551

Refrein



Voorg: Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van goddeloses volg nie,
Mans: nie met sondaars omgaan
Vroue: en met ligsinniges saamspan nie,
Voorg: maar wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink.
Almal: Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is,
Mans: wat op die regte tyd vrugte dra
Vroue: en waarvan die blare nie verdroog nie.
Almal: Hy is voorspoedieg in alles wat hy aanpak.
Refrein: Die Here sien hom in Sy goedheid aan.
Dit gaan met almal goed wat so bestaan.
Voorg: So is die goddeloses nie.
Hulle is soos kaf wat deur die wind uitmekaar gewaai word.
Daarom sal goddeloses hulle nie kan handhaaf
wanneer die Here oor hulle oordeel nie
en sondaars nie 'n plek hê in die vergadering van regverdiges nie.
Refrein: Die Here sien hom in Sy goedheid aan.
Dit gaan met almal goed wat so bestaan.
Voorg: Waarlik, die Here lei die regverdiges op hulle pad,
maar die pad van die goddeloses lei tot ondergang.
Refrein: Die Here sien hom in Sy goedheid aan.
Dit gaan met almal goed wat so bestaan.